Samuelstraat, Randhart, Alberton • (011) 864-5110/1 • info@randhartlaer.co.za • randhartlaer.co.za

# KwartaalKlets 4 van 2026

Geagte Randhart-ouers en -voogde

’n Besige en opwindende tweede kwartaal het tot ’n einde gekom. Dit was ’n kwartaal gevul met harde werk, deursettingsvermoë en talle hoogtepunte. Ons het weereens uitstekend presteer op akademiese, sport- asook kultuurgebied en ek spog graag met die vele aktiwiteite en prestasies wat gedurende hierdie kwartaal afgehandel en behaal is.

Baie dankie aan elke leerder, ouer, personeellid en ondersteuner wat ’n bydrae gelewer het tot die sukses van die afgelope kwartaal. Dit is deur samewerking en toewyding dat ons steeds daarna kan streef om elke leerder die geleentheid te bied om sy of haar volle potensiaal te bereik.

**1. Kore**

Laerskool Randhart het met trots ons eerste koorfees aangebied en dit was voorwaar ’n groot fees. Skole van regoor Gauteng het deelgeneem en die geleentheid was ’n besondere hoogtepunt op ons kultuurkalender. Ons is reeds besig met die beplanning vir die 2027-koorfees.
Randrefrein het op 15 Mei aan die ATKV-Applous-streekfees deelgeneem en ’n goue sertifikaat in die Laerskool-Merieteafdeling ontvang. Hoewel ons nie die gewenste uitslae tydens die Super 12-koorfees behaal het nie, is ons steeds besonder trots met die optredes van beide kore. Die lede oefen steeds ywerig en tree deur die res van die jaar by verskeie informele geleenthede op. Hulle passie, deursettingsvermoë en liefde vir sang is ’n ware weerspieëling van die Rantie-gees.




## 2. E Sport

Die Ranties se E-sport het vanjaar indrukwekkende groei en ontwikkeling getoon. Ons interne liga het groot belangstelling gelok met verskeie spanne wat entoesiasties aan die kompetisie deelgeneem het. Gedurende die seisoen het ons leerders hul tegniese vaardighede, spanwerk en deursettingsvermoë op ’n besondere wyse ten toon gestel, nie net tydens die interne liga nie, maar ook in eksterne kompetisies. Die toenemende deelname en entoesiasme bevestig dat E-sport ’n waardevolle platform bied waar leerders strategiese denke, samewerking en verantwoordelikheid kan ontwikkel. Ons sien uit na verdere groei en sukses in die jare wat voorlê.

## 3. Redenaars

ATKV-Redenaars en WITS Interskole Redenaars

Ons redenaars het van 13 tot 16 April aan die eerste uitdunronde van die ATKV-Redenaars by Hoërskool Dr. E.G. Jansen deelgeneem. Die leerders het op verskeie dae deelgeneem en 11 sprekers het daarin geslaag om na die semi-finaal deur te dring wat op 23 Mei by Laerskool Concordia plaasgevind het. ’n Besonderse prestasie is deur Simoné Steenberg behaal toe sy tweede in ons streek geëindig het. Sy sal gedurende Augustus aan die landsfinaal deelneem. Baie geluk met hierdie uitstekende prestasie.

Ons 12 WITS Interskole Redenaars-spanne, bestaande uit leerders van graad 2 tot 7, het op 30 Mei aan die streeksuitdunne by Laerskool Concordia deelgeneem. Drie van ons spanne het gekwalifiseer om op 19 September aan die WITS Interskole Nasionale Ronde by die WITS Universiteit deel te neem. Die Graad 3 Rooi span bestaan uit Dian Zietzman, Joshua Blignaut, Miré van den Berg en Kimike Landman. Die Graad 4 Rooi

span bestaan uit Leon Bezuidenhout, Eduan Barnard, Mila Nel en Dian van Zyl, terwyl die Graad 6 Blou span uit Elré Venter, Christine le Roux, Juwan van Zyl en Ziané van Staden bestaan.

Hierdie leerders is uitstekende ambassadeurs vir Laerskool Randhart en ons wens hulle alle voorspoed toe vir die nasionale ronde. Julle maak ons voorwaar trots!

**4. ATKV Digiskryf kompetisie**

Die Ranties het ook uitstekend presteer in die ATKV-DigiSkryf-kompetisie. Simoné Steenberg het as wenner van die graad 4 en 5-afdeling uit die stryd getree, terwyl Milan Potgieter die graad 6 en 7-afdeling gewen het. Hierdie prestasies getuig van ons leerders se kreatiwiteit, taalvaardigheid en liefde vir skryf.

**5. Buite Skoolverband – Prestige toekennings**

Vanjaar is daar geskiedenis by Laerskool Randhart gemaak met die eerste amptelike toekenning van erebalkies en gewone balkies aan leerders vir prestasies buite skoolverband. Altesaam 20 erebalkies en 12 gewone balkies is toegeken. Hierdie indrukwekkende prestasies getuig van die buitengewone talent, harde werk en deursettingsvermoë van ons leerders asook van die waardevolle ondersteuning van ouers, afrigters en mentors wat daagliks bydra tot hul ontwikkeling.
Die verskeidenheid dissiplines waarin ons leerders uitgeblink het, vereis nie net natuurlike talent nie, maar ook selfdissipline, toewyding en ontelbare ure se oefening. Hierdie prestasies beklemtoon die veelsydigheid van ons Randhart-leerders en die trots waarmee hulle hul skool op verskeie vlakke verteenwoordig.
Die bestuur en personeel van Laerskool Randhart spreek hul opregte waardering uit teenoor elke leerder wat vanjaar erkenning ontvang het. Julle prestasies dien as inspirasie vir mede-leerders en dra by tot die trots en goeie naam van ons skool. Baie geluk aan al ons toekenningontvangers. Julle harde werk en toewyding is 'n bewys dat uitnemendheid bereik kan word wanneer talent en deursettingsvermoë hande vat. Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle.
Hierdie eerste toekenningseremonie vorm die begin van 'n trotse tradisie by Laerskool Randhart en bevestig ons strewe om uitnemendheid, in al sy vorme, te erken en te vier.

**6. Pom-poms – Optredes en Kompetisies**

Die Pom-poms het vanjaar uitstekende prestasies gelewer tydens verskeie optredes en kompetisies. Die eerste FDDCMGP-optrede het op 7 Maart plaasgevind, waar die Ranties 'n uitstaande tweede plek behaal het. Tydens die FDDCMGP Provinsiale Kampioenskappe het Laerskool Randhart behoorlik aandag getrek met 'n

indrukwekkende optrede. Die span behaal 'n uitstekende eerste plek en word as die Provinsiale Kampioene vir Performance Cheer aangewys. Hulle sien nou met groot opwinding uit na die SA-kampioenskappe wat op 4 Julie plaasvind.

**7. Randhart klerewinkel – Mode met 🖤**

Ons is trots om aan te kondig dat **Mode met 🖤**, Laerskool Randhart se nuwe klerewinkel, reeds sedert **1 Junie 2026** oop is. Die winkel se bedryfstye is **07:00 – 08:30** asook **13:00 – 14:30**. Tans is die volgende produkte beskikbaar: KDA-sweetpakbaadjie en -broek, blou en rooi golfers, blou langmouhemp, hoede en sonskerms (*visors*), wit Sox Rantie-kouse, hokkiekouse en KDA-kortbroeke. Alle produkte kan ook gerieflik **aanlyn bestel** word en binne **48 uur** by die winkel afgehaal word. Nuwe produkte sal binnekort by die reeks gevoeg word. Baie dankie aan al ons ouers en voogde vir u geduld, ondersteuning en begrip gedurende 2026. Hierdie is 'n oorgangstydperk, en ons leer voortdurend uit ons ervarings om die proses in die toekoms nog makliker en meer gerieflik vir almal te maak.

Ons versoek dat ouers wel leerders sal vergesel, indien hulle wil hê dat hulle kinders klere moet pas. Me. Dirker wat die winkel bestuur, kan ongelukkig nie verantwoordelikheid vir laasgenoemde aanvaar nie.

**8. Rugby**

Laerskool Randhart het vanjaar een van sy beste rugbyseisoene in jare beleef. Ons spanne het deurgaans uitstekende rugby gespeel en die vrugte van harde werk, toewyding en goeie afrigting gepluk. Die skool het verskeie wenners in die Superliga (A-liga) opgelewer en ook hul stem dik gemaak tydens die Leeus-uitspele, waar ons spelers met trots die Ranties verteenwoordig het. Hierdie sukses getuig van die diepte van talent binne ons rugbyprogram, asook die waardevolle ondersteuning van ouers, afrigters en ondersteuners. Uitsonderlike prestasies van ons spanne was as volg:

Super-liga & Goue Leeus
o.9A: 3de plek Superliga; Leeus Naaswenners
o.9B: Wenners Superliga
o.10A: Naaswenners Superliga; Leeus Semi-finale
o.10B: Wenners Superliga
o.11A: Wenners Superliga; 3de jaar agtereenvolgens Leeuskampioene
3 de Span: 3de plek Superliga
2 de Span: Naaswenners Superliga
1 ste Span: Wenners Superliga; Leeus Semi-finale

Geluk aan die volgende seuns wat die Leeus tydens die onderskeie Provinsiale toernooie verteenwoordig:
o.12A: Jóvan Oosthuizen en Liam McGeer
o.12C: Elhardt Els
o.13-Cravenweek: Donovan Nel
o.13-Akademie span: Wiehan Badenhorst en Eddie Chauke. Eddie moes ongelukkig onttrek as gevolg van 'n besering.
Baie geluk aan mnr. Willemse wat as skeidsregter by die o.12-toernooi te Klerksdorp gaan optree.

Baie dankie aan ons ouers wat betrokke was by die afrigting van ons spanne. Ons besef dat hierdie dikwels 'n ondankbare taak is wat baie van u persoonlike tyd en opoffering verg. Julle toewyding en bereidwilligheid om in ons seuns te belê, word opreg waardeer. Ons seuns waardeer elke oomblik wat u in hulle ontwikkeling belê het.



**9. Netbal**

Ons netbalspanne het vanjaar 'n uitstekende seisoen beleef en deurgaans puik resultate in die liga behaal. Die o.10A-, o.10B-, o.10C-, o.11B-, o.12B- en o.13C-span is as ligawenners gekroon, terwyl die o.12C-, o.13A- en o.13B-span as naaswenners geëindig het. Die o.11A-, o.11C- en o.12A-span het onderskeidelik derde plekke in hul ligas behaal. Hierdie prestasies getuig van die diepte en gehalte van ons netbalprogram.

Die o.12A- en o.13A-span het verder vir die Gautengkampioenskappe gekwalifiseer. Die o.13A-span het 'n uitstekende seisoen afgesluit deur algeheel 12de in Gauteng te eindig.

Die o.12A-span het besonder goed gevaar deur vyfde in Gauteng te eindig en sodoende vir die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe, wat in Julie plaasvind, te kwalifiseer.

Ons is ook besonder trots op Lienke Smit wat vir die Gauteng o.13-netbalspan gekies is. Hierdie besondere prestasie is 'n welverdiende beloning vir haar harde werk, toewyding en deursettingsvermoë.

Dit was ook verblydend om te sien hoe ons D-spanne vanjaar meer wedstrydgeleenthede geniet het. Die entoesiasme van spelers en afrigters, tesame met die liefde vir die spel, het bygedra tot 'n besonder suksesvolle en genotvolle seisoen. Baie geluk aan al ons spelers, afrigters en ouers wat deel was van hierdie uitstekende jaar. Julle het die Rantie-kleure met trots uitgedra.

**10. Gholf**

Die Ranties se gholfspelers het vanjaar tydens die Ernie Els Classic uitstekend gevaar. Die span het algeheel tweede geëindig en sodoende vir die finaal gekwalifiseer wat op 3 en 4 Augustus in Kimberley plaasvind. Hierdie word beskou as die Nasionale finaal van gholf. Voorwaar 'n uitstekende prestasie. Op individuele vlak het Lihan van Rooyen 'n gesamentlike derde plek behaal, terwyl CJ Pretorius agtste geëindig het. Marnelle Moroney het 'n gesamentlike 15de plek behaal en was die beste geplaasde meisie in die kompetisie. Jason Connoway het 'n gesamentlike 19de plek behaal. Verdere erkenning is aan CJ Pretorius gegee met sy verkiesing tot die Ekurhuleni o.15-span en hy sal vanaf 10 tot 12 Julie die span by die o.15 Nasionale Matchplay-uitnodigingstoernooi verteenwoordig. Marnelle Moroney is ook vir die Ekurhuleni o.19-meisies B-span gekies. Hierdie prestasies getuig van die talent, toewyding en harde werk van ons gholfspelers.



**11. Date night**

Vanjaar was hierdie geleentheid weereens ’n groot sukses en het gesorg vir ’n aand propvol pret, heerlike kos en talle kosbare herinneringe. Die 007-tema het ’n opwindende spioenasie-atmosfeer geskep en bygedra tot die unieke karakter van die geleentheid. Ouers en hul kinders het die geleentheid terdeë geniet en waardevolle kwaliteittyd is saam deurgebring. Die vrolike gees, uitstekende bywoning en besondere herinneringe wat geskep is, het weereens bevestig waarom hierdie geleentheid ’n geliefde hoogtepunt op die skoolkalender is.

**12. Mnr en Mej. Ranties**

Vanjaar is die Mnr. en Mej. Rantie-kompetisie op 29 Mei by Die Lewensentrum aangebied en al drie afdelings – Mnr. en Mej. Petite, Junior en Senior – het op dieselfde dag plaasgevind. Die geleentheid was ’n groot sukses en het ’n inkomste van R100 000,00 gegenereer, waarvan 50% aan Tutela geskenk is en die oorblywende 50% vir die skool se interne welsyn aangewend sal word. Onder leiding van die hooforganiseerder, me. R. Nel, hulporganiseerder, me. L. van der Merwe en sowat 50 personeellede is hierdie besonderse dag moontlik gemaak.
Die titelhouers vir 2026 was Milla Luus en Juvandré Victor as Mej. en Mnr. Rantie Petite, Ariana van Staden en Bismarck Jansen van Vuuren as Mej. en Mnr. Rantie Junior asook Leah van Niekerk en Zander Pretorius as Mej. en Mnr. Rantie Senior. Die ander finaliste in die onderskeie afdelings het ook met selfvertroue, grasie en trots hul skool verteenwoordig en bygedra tot ’n onvergeetlike geleentheid.



## 13. Landloop

Ons landloop het hierdie seisoen sommer ’n nuwe baadjie aangetrek en die belangstelling in die sport het merkbaar gegroei. Die drie Blitzreekse is met groot sukses aangebied en het aan ons atlete waardevolle geleenthede gebied om ervaring op te doen en hul vermoëns te ontwikkel. Om momentum te behou, sal daar ook dwarsdeur die vakansie oefengeleenthede vir ons atlete wees. Indien u graag wil hê dat u kind deel van hierdie entoesiastiese groep moet wees, nooi ons u uit om by die landloop-inligtingsgroep aan te sluit deur die volgende QR kode te skandeer.

**Landloop 2026**

WhatsApp group

## 14. Krieket: Toere & Super 12-seuns

Die krieketseisoen het amptelik afgeskop en ons sien met groot opgewondenheid uit na dit wat voorlê. Ons wens al ons spanne sterkte toe met die komende toere en die Super 12-toernooi gedurende die vakansie. Die o.10-, o.11- en eerstespan vertrek vanaf 27 tot 30 Junie na Camp Discovery waar hulle waardevolle wedstrydervaring sal opdoen. Hierdie toer dien ook as uitstekende voorbereiding vir die Super 12-kriekettoernooi wat van 13 tot 18 Julie in Rustenburg plaasvind. ’n Opregte woord van dank aan ons toegewyde afrigters wat ’n groot deel van hul vakansie opoffer tot voordeel van ons seuns. Baie dankie ook aan ons getroue Rantie-ouers vir hul volgehoue ondersteuning en aanmoediging. Julle betrokkenheid en ondersteuning dra grootliks by tot die sukses van ons krieketprogram. Ons sien uit na ’n opwindende seisoen en wens al ons spelers alle sterkte toe.

## 15. Hokkie

Van 19 tot 21 Junie het die o.10 tot o.13-hokkiemeisies, asook die o.11 tot o.13 hokkieseuns die voorreg gehad om 'n hokkietoer by Sportisimo by te woon. Die toer is aangebied deur **Celia Seerane** – ’n voormalige Statebondspele-, Wêreldbeker- en dubbele Olimpiese speler.

Gedurende die naweek het spelers en afrigters waardevolle kennis en vaardighede opgedoen deur professionele afrigting en praktiese sessies. Benewens die ontwikkeling van hokkievaardighede, het die groep ook deelgeneem aan verskeie spanbou-aktiwiteite wat spanwerk, kommunikasie en samehorigheid bevorder het.

Die toer was 'n groot sukses en het 'n positiewe bydrae gelewer tot die ontwikkeling van beide spelers en afrigters. Ons sien met groot opgewondenheid uit na die komende hokkieseisoen en die geleentheid om alles wat geleer is, op die veld toe te pas.



**16. Butterfly Netbaltoernooi 2026**

Ons o.10B- en o.11B-netbalspanne het onlangs aan die Butterfly Netbaltoernooi 2026 deelgeneem – ’n opwindende nuwe toernooi waar hulle die geleentheid gehad het om hul vaardighede teen sterk teenstanders te toets. Wat hierdie prestasie besonder merkwaardig maak, is dat beide ons B-spanne hoofsaaklik teen opponerende A-spanne meegeding het. Ten spyte van die uitdagende kompetisie het ons spelers met selfvertroue, deursettingsvermoë en uitstekende spanwerk uitgeblink.

Die o.10B-span het ’n buitengewone toernooi beleef en al hul wedstryde gewen om as algehele wenners gekroon te word. Hul konsekwente spelpeil, samewerking en vasberadenheid het hulle ’n welverdiende eerste plek besorg. Die o.11B-span het ook ’n indrukwekkende vertoning gelewer en met karakter, dissipline en veggees ’n verdienstelike vierde plek behaal.

Ons is verder trots op twee spelers wat vir hul uitstaande individuele prestasies erken is. Leané Mey (o.10B) is aangewys as die Beste Doel van die Toernooi, terwyl Mila Lombard (o.10B) die toekenning vir Beste Aanvallende Speler van die Toernooi ontvang het.
Baie geluk aan al die spelers, afrigters en ondersteuners wat tot hierdie sukses bygedra het. Julle het die Rantie-naam met trots uitgedra en die waardes van sportmangees, respek, deursettingsvermoë en spanwerk op ’n besondere wyse uitgeleef. Hierdie prestasies getuig van die blink toekoms van Rantie-netbal.

**17. Rakkers**

Die tweede kwartaal was gevul met opwindende en betekenisvolle geleenthede vir ons kleuters. Beide die Eduvet- en Edupilot-instappies was leersaam en genotvol. Edupilot het vir die eerste keer die skool besoek en die interaksie met verskeie reptiele was vir baie kleuters ’n besondere hoogtepunt.
Vrolike Vrydag het groot pret verskaf toe die kleuters in hul kleurvolle en "mismatched" uitrustings skool toe gekom het.
Moedersdag is op ’n spesiale wyse gevier met ’n pragtige fotohoekie, asook bederfies vir elke mamma in die vorm van ’n grimeersakkie met haar kleuter se handafdruk daarop, ’n spesiale briefie en ’n gesigmasker. Vadersdag is ook op ’n besondere wyse gevier met ’n plaastema en selfs regte plaasdiere om vas te hou en te vertroetel.
Hemelvaart is op ’n besondere manier herdenk met ’n gepaste boodskap deur me. Suritha Prevoo, waarna 80 duiwe losgelaat is.
Ons verwelkom ook graag vir me. Juane Ludick by die Randhart-familie. Me. Ludick is ’n trotse oud-Rantie en bring waardevolle ervaring na ons skool. Sy was sedert 2024 ’n graad 1-opvoeder en graadhoof by Laerskool Elandia. Ons sien daarna uit om haar passie, kundigheid en vars idees deel van ons span te maak en is opgewonde om te sien watter bydrae sy by Randhart sal lewer – veral op die netbalbaan.

**18. Skoolbaadjie en erkenningsbalkies**

Die Ranties kan sedert 2025 met trots hul skoolbaadjies dra. Leerders wat besondere prestasies behaal, word met ’n erkenningsbalkie vereer terwyl sekere diensgroepe ook deur middel van aanspeldbalkies geïdentifiseer word. Die huidige goedgekeurde balkies is vir die leerlingraad, klasleiers, Top 10, media en Leestjommies. Al die genoemde balkies sal vanaf 2027 ook in ’n eenvormige formaat vervaardig word.
Ten einde die netheid en eenvormigheid van ons skooldrag te handhaaf, word geen ander balkies van enige eksterne instansie op skoolbaadjies toegelaat nie. Ons vra die samewerking van leerders en ouers in hierdie verband. Indien hierdie riglyn nie nagekom word nie, sal die skool ongelukkig nie in die toekoms erkenningsplasings van leerders op die skool se sosiale media en webtuiste kan doen nie.

Baie dankie vir u begrip, ondersteuning en samewerking om die trots en eenheid van Laerskool Randhart te bevorder.




(skets as voorbeeld deur AI geskep)

**19. Skoolveiligheid**

Skole bly ongelukkig sagte teikens vir boosdoeners. Daarom is dit noodsaaklik dat die skool die nodige veiligheidsmaatreëls in plek stel om ons leerders te beskerm.
Een van ons skoolreëls bepaal dat leerders nie naby die palisade-omheining mag speel of met enige persoon deur die heining mag kommunikeer nie. Dit is egter kommerwekkend dat sommige ouers steeds voor skool of tydens pouses met leerders deur die heining kommunikeer. Wanneer toesighouers hierdie reël toepas en ouers of leerders hieroor aanspreek, word hulle soms met ontevredenheid of negatiewe opmerkings gekonfronteer.
Ek doen daarom ’n ernstige beroep op al ons ouers om die skool te ondersteun in die toepassing van hierdie veiligheidsmaatreëls. Reëls word nie ingestel om ongerief te veroorsaak nie, maar om die veiligheid en welstand van elke leerder te verseker. Ons het u samewerking nodig om saam ’n veilige omgewing vir ons kinders te skep.

Ter afsluiting wil ek graag melding maak van die pragtige Vadersdagoggende wat deur die leerlingraad in die saal aangebied is. Tydens hierdie besondere geleenthede is ons deur die spreker herinner aan die bekende aanhaling uit die rolprent *Gladiator*: “What we do in life echoes in eternity.”
Mag hierdie woorde ons almal opnuut bewus maak van die blywende invloed wat ons dade, ons voorbeeld en die tyd wat ons in ons kinders belê op toekomstige geslagte het.

Dankie aan elke ouer, personeellid en leerder wat daagliks ’n verskil maak.

Ek vertrou dat elke Rantie-familie ’n welverdiende rustyd sal geniet en met nuwe energie die derde kwartaal sal aanpak. Die skole heropen vir die derde kwartaal op Dinsdag 21 Julie. Ons sien daarna uit om al ons leerders weer veilig terug te verwelkom.

Groete.

D F Venter
Skoolhoof